SES STAP

US AANSOEKVORM

STAP 1

VOOR JY AANSOEK DOEN !

1. LEES oor al die **programme** wat ons by die Universiteit Stellenbosch aanbied.

2. MAAK SEKER jy **verstaan die vereistes** waaraan jy moet voldoen om by die verskillende fakulteite aanvaar te word

3. MAAK SEKER van die **sluitingsdatums**

SORG DAT JY JOU AANSOEKE BETYDS INDIEN!

30

30 JUNIE
Aansoeke sluit vir alle voorgraadse programme en koshuise

STAP 2

KIES JOU PROGRAM

Jy mag **DRIE** programme aandui.

Omdat daar programme met uitgebreide keurings-kriteria en beperkte plek is, mag jy dalk nie vir jou eerste keuse gekeur word nie. In so geval kan jy wel nog vir jou tweede of derde keuses oorweeg word.

STAP 3

BEGIN MET JOU AANSOEK

Jy kan vinnig en maklik aansoek doen deur van die aanlyn aansoek gebruik te maak

- Begin met jou aanlyn aansoek.
- Kry jou gebruikersnaam (studentenommer) en 8-syfer wagwoord.
- Voltooi die aanlynvorm

Hardekopie aansoekvorms is op kampus beskikbaar vir die wat nie toegang tot die internet het nie

STAP 4

LAAI JOU DOKUMENTE OP

ONS BENODIG:

- ✔ jou getekende kontrak,
- ✔ bewys van betaling van die R100 aansoekfooi – indien van toepassing,
- ✔ jou mees onlangste FINALE JAAR skool resultate, en
- ✔ fakulteit-spesifieke nie-akademiese vorms – indien van toepassing.

Jy sal 'n **AMPTELIKE SUN-WAGWOORD** ontvang wanneer jy jou aansoek indien. Hierdie wagwoord kan gebruik word om jou **aansoekstatus** na te gaan en jou ondersteunende aansoekdokumente op te laai.

Alle aansoekdokumente moet voor die sluitingsdatum opgelaai word.

STAP 5

SKRYF DIE NNT

Maak seker jy verstaan jou fakulteite se **vereistes** vir die NNTs

Vir meer inligting en/of om 'n bespreking te maak om die NNT te skryf, besoek gerus **www.nbt.ac.za**

STAP 6

HOU JOU AANSOEK DOP

Volg die vordering van jou aansoek by **status van aansoek**.

AS JY HULP NODIG HET

As jy hulp nodig het met jou aansoek, of as jy wil hê ons moet vir jou meer inligting of vorms stuur, kontak ons Kliëntedienssentrum by +27 (0) 21 808 9111, rig 'n e-pos aan **info@sun.ac.za**, of besoek **www.maties.com**.

SUN 100 1918·2018